BOEK 2

***JaHshua en Sy leerlinge in Kis en Násaret (vervolg)***

Kis. Die straf van misdadigers

**1** Die skatte uit die grot van Kisjonah, bestaande uit goud, silwer en `n groot gewig aan baie waardevolle geslypte en ongeslypte edelstene, kom die aand laat daar aan. Daaronder was daar ongeveer drie pond geslypte en sewe pond ongeslypte diamante, van dieselfde gewig was daar robyne, dieselfde hoeveelheid smaragde, hiasinte, saffiere, topaas, ametis en ongeveer vier pond pêrels, so groot soos groot erte. Die goud het meer as twintigduisend pond geweeg en die silwer vyf maal soveel.

[2] By die aanblik van hierdie ontsettende rykdom slaan **Festus** sy hande bokant sy hoof saam en sê: "O Meester! As seun van een van die rykste patriarge van die hele Rome het ek ook die geleentheid gehad om groot aardse skatte te sien, maar so iets het my oog nog nooit gesien nie! Dit oortref alle farao's en ook Croesus, wat volgens die fabel as gevolg van rykdom nie meer geweet het wat hy moet doen nie en in alle erns `n paleis van goud gebou het, sodat sy oorwinnaars die oortollige goud nie van hom kon afneem nie.

[3] O Meester, vir Wie alle dinge bekend is, vertel U vir my, arme sondaar, nou eers hoe hierdie twaalf satansknegte sulke skatte kon bymekaarmaak! Dit kon nooit op `n eerlike manier gedoen gewees het nie en sekerlik nie in so `n kort tydsbestek nie! - Hoe was dit dan moontlik?"

[4] **Ek** sê: "Vriend, bekommer jy jou nou maar nie meer daaroor nie! Dit dien geen doel om verder moeite te doen en om nog meer woorde te verspil aan hierdie satansvuilgoed nie. Dat daar egter geen enkele eerlik verdiende stater (sikkel) by is nie, dit kan jy volledig van oortuig wees. Maar as jy presies sou wou nagaan met watter duisendvoudig skandalige maniere hierdie addergeslag, hierdie slangbroeisel, alles bymekaar gegryp en geroof het, sou dit tog te lank duur.

[5] Jy sal hopelik nie verder daaraan twyfel dat hierdie boewe van die allerergste soort is nie; op watter manier hulle in ‘n sekere sin nog erger as boewe is, dit hoef niemand meer te weet nie. Volgens die Romeinse wette het hulle lankal al die tienvoudige dood verdien, slegs vir die misdaad van die roof van die keiserlike belastingkaravaan; en die roof, waarvan ons hier as resultaat hierdie onmeetbare skatte sien, is selfs baie erger, al betrek dit nou juis nie so regstreeks die keiserlike belastinggeld nie.

[6] Ook al weet jy alles, kan jy hulle daarvoor tog onmoontlik meer as één keer laat sterf. Jy kan wel die marteling vererger, maar waarvoor? Die marteling in die hoogste graad - om in julle regbanktaal te praat - is ook regstreeks dodelik, en as hulle meer gematig is maar dit langer laat duur, merk die gestrafte egter nie baie méér daarvan as wat jy van `n lastige vlieg sal opmerk nie. Want die siel, wat baie vrees vir die sekerlike dood van haar liggaam, mag nog so materialisties wees dat sy haar terugtrek tot in haar innerlikste vertrek en sy begin haar dan vrywillig los te maak van haar liggaam. Die liggaam word by sulke geleenthede totaal ongevoelig. So `n liggaam kan jy dan kasty soveel as wat jy wil, hy sal weinig of heeltemal niks daarvan opmerk nie. Soos wat jy die sieleliggaam egter terselfdertyd baie meer laat pynig, sal die siel dit nie lank kan volhou nie, maar sal haar met alle krag uit die liggaam losskeur en dan kan jy so die hele dooie liggaam kook en braai sonder dat hy iets van die straf sal voel.

[7] Daarom staan Ek nie `n straf voor waar die dood op volg nie, omdat dit vir die ter dood veroordeelde van geen enkele belang is nie en ook vir watter geregtigheid daar ookal is, geen beskerming bied of nut het nie. Want het jy één gedood - dan het duisende teenoor jou wraak gesweer daarvoor! Maar Ek is vanweë die noodsaaklike goddelike orde heeltemal daarvóór om `n misdadiger die strengste straf te laat ondergaan en daarmee aan te gaan totdat `n algehele verbetering ingetree het! `n Gepaste straf wat geheel en al regverdig op die gepaste oomblik aangewend word, is beter as geld en die suiwerste goud; want deur so `n straf word die siel meer en meer losgegésel van haar materie en rig sy haarself uiteindelik na haar gees. En as die straf dít tot stand gebring het, het hulle `n siel van ondergang en so die hele mens van die ewige dood gered.

[8] Daarom moet elke regter volgens Elohim se orde, selfs nie die grootste misdadiger straf met die liggaamlike dood, wat vir niks goed is nie, maar altyd straf volgens die graad van die misdaad. As hy dit doen, is hy `n op-die-hemel-gerigte menseregter. Doen hy dit egter nie - is hy `n op-die-hel-gerigte regter, waarvoor hy in der ewigheid nooit loon van Elohim sal ontvang nie. Hy sal sy loon ontvang vanaf die ryk waarop sy regspraakoordeel was! - Nou weet jy genoeg, en laat die skatte nou sorgvuldig opgeberg word! Môre kom hulle ook uit Gerasim hier aan, en dan sal die verdeling en die versending van hierdie duiwelsdrek plaasvind. - Laat ons egter nou na die eetsaal gaan, want die aandete wag al op ons! Helaas, hierdie hele geskiedenis gee My al té

veel oorlas, en My tyd roep My dringend na Násaret!"

[9] **Festus** sê: "Meester, ek sien baie goed in dat hierdie afskuwelike geskiedenis U buitengewoon teen die bors moet stuit, maar wat is daaraan te doen as so iets ontwikkel? Vir die res versoek ek U, my Meester en grootste en beste Vriend, om nie voor my hier weg te gaan nie, want in die eerste plek is ek sonder U tot niks in staat nie, en ten tweede sou ek sonder U, ondanks my liefste vrou, doodgaan van verveling! Daarom vra ek U om hierdie plek nie nou te verlaat alvorens ek nie met hierdie baie lastige geskiedenis klaar is nie! Ek hoop dat ek met U hulp môremiddag alles in orde sal hê!"

[10] **Ek** sê: "In orde! Maar Ek wil van al die skatte en die elf fariseërs niks meer sien nie; want Ek het `n groot afkeer daarin gekry."

[11] **Festus** sê: "Daarvoor sal gesorg word!"

### *Die hart van `n dief*

**2** Ons betree nou die eetsaal, waar `n oorvloedige aandete op ons wag. Maar nouliks het ons met die maaltyd begin, of twee knegte bring vir Judas Iskariot die saal binne, en meld aan die hoofregter dat hierdie leerling, of wat hy ookal mag wees, `n paar pond goud, waarmee hulle hom betrap het, wou steel. Hulle het die goud by hom afgeneem en hom hierheen gebring om verantwoording te doen.

[2] **Judas** staan ontsettend beskaamd daarby en sê: "Ek dink nie in my wildste drome daaraan om die goud te steel nie, maar ek wou slegs `n paar stafies ondersoek of hulle regtig so swaar is as wat daar vertel word. Hierdie dwase het my egter dadelik gegryp en sleep my as `n gemene dief na binne! - Daarom versoek ek u, Festus, om hierdie beskuldiging terug te trek!"

[3] **Festus** sê: "Laat hom gaan! Hy is `n leerling van die Meester en daarom wil ek hom oorsien." En teenoor Judas sê **Ek**: "Kom in die toekoms en veral snags - behalwe as jy keiserlike belastinggaarder wil word - nie weer naby `n goudstaaf nie, anders sal jy die wetlike straf vir poging tot diefstal nie vryspring nie! Het jy hoofregter Festus goed verstaan?"

[4] **Judas** sê baie beskaamd: "Meester, daar was helaas nie die minste sprake van `n poging tot diefstal nie, maar dit was slegs `n - weliswaar ietwat ongeleë - toets van die gewig in pond van `n goudstaaf."

[5] **Ek** sê: "Gaan heen en soek `n slaapplek! Want aan die kwaad, waaraan alle diewe deur die hand van die satan sal sterwe, sal ook jy in die nabye toekoms sterwe; want jy was, is en bly `n dief! Solank jy bang is vir die wetlike gevolge, gedra jy jou openlik nog nie soos `n dief nie; maar in jou hart is jy dit al lankal! As Ek nou alle wette sou ophef, sou jy eerste die skatte hierbuite gryp, want jou hart ken geen redelikheid en regverdigheid nie. Dit is jammer dat daar in jou geen beter hart klop nie! - Gaan slaap nou en wees môre nugterder as vandag!"

[6] Met hierdie vermaning gaan Judas, rooi van skaamte, die eetsaal uit na sy slaapvertrek en gaan lê en dink ongeveer twee uur lank daaroor na hoe hy dit wat Ek voorspel het, sou kon vryspring. Maar hy vind in sy hart geen oplossing daarvoor nie, omdat deur sy gedagtes, sy gouddors opnuut begin oplaai, en so raak hy toe aan die slaap. - Ons gaan ook slaap omdat die twee voorafgaande nagte baie vermoeiend was. Die oggend laat egter nie lank op haar wag nie.